

# LAAT DIE WIND WAAI



Malgosia Bartosik . Philippa Nuttall Jones . Zam Zadeh





2019 sal onthou word as die jaar wat dinge verander het. Kinders het in opstand gekom en aangedring dat volwassenes daadwerklik optree om klimaatsverandering te stuit.

Die inspirasie vir die strokiesprent kom uit 'n gesprek tussen twee ma's ('n Poolse voorstander van windkrag en 'n Britse joernalis), sowel as 'n Iraanse kunstenaar. Dit vertel die storie van hoe hernubare energiebronne soos wind kan help om die weg na 'n skoner en gesonder wêreld vir almal te baan.







In 2019 het kinders van regoor die wêreld protes aangeteken deur te staak.  
Hulle het dit gedoen, nie omdat hulle nie van hul onderwysers gehou het nie, maar  
eerder om volwassenes te vra om daadwerklik teen klimaatsverandering op te tree.

Die kinders het van die skool af weggebly en gevra dat wette gemaak word  
om die aarde te beskerm en hulle 'n skoon toekoms te gee.

Kinders regoor Suid-Afrika leer ook oor die belangrikheid en voordele van skoon windkrag.



Maar wat presies is klimaatsverandering en waarom is dit so belangrik? Om hierdie vraag te beantwoord sal ons in tyd moet teruggaan...

200 jaar gelede het meeste mense op die platteland gebly.



Die Industriële Revolusie het aangebreek en alles verander. Fabriekes het begin floreer en mense het die platteland verlaat om in die stede te gaan werk.

'n Massiewe hoeveelheid energie het noodsaaklik geraak om krag aan fabriekes en huise te voorsien en later om voertuie en vliegtuie aan te drijf.



Deur masjiene te gebruik om produkte mee te vervaardig, in plaas van om dit met die hand te maak, beteken basies...

Meer werk.



Mense verdien meer geld. Hulle kan meer voedsel bekostig en langer en gesonder lewens leef.



Vliegtuie en karre maak dit makliker om te reis.






Meeste van hierdie krag word opgewek deur fossielbrandstowwe soos olie, steenkool en gas te verbrand. Hierdie hulpbronne kom letterlik van fossiele; dooie diere en plante wat oor miljoene jare versteen het.

Wanneer fossielbrandstowwe verbrand word stel dit kweekhuisgasse soos koolstofdioksied\* vry.


Metaan\* is 'n ander kweekhuisgas wat op groot plase met baie diere vrygestel word wanneer die diere, veral koeie, wind opbreek.

\*koolstofdioksied  $\text{CO}_2$   
\*metaan  $\text{CH}_4$



Hierdie gasse veroorsaak saam 'n gaskomers rondom die aarde en veroorsaak dat die son se hitte moeiliker ontsnap. Dit werk baie soos 'n kweekhuis.

Hierdie gaskomers help normaalweg om die aarde 'n aangename plek te maak vir ons om op te lewe. Wanneer die gaskomers egter te dik raak veroorsaak dit oorverhitting en klimaatsverandering.



Die aarde het reeds met 1°C verhit sedert die eerste  
fabrieke hul verskyning gemaak het.

Dit mag dalk nie na veel klink nie, maar op dieselfde  
wyse wat jy siek en koorsagtig begin voel sodra jou  
liggaamstemperatuur slegs gering styg, hou 'n geringe  
styging in die aarde se temperatuur ook vërreikende  
gevolge vir die aarde in.



Uiterste weer soos oorstromings en hittegolwe kom meer dikwels voor.  
Diere en plante ly daaronder en staar uitwissing in die gesig namate hul  
habitate verander en verdwyn.



Mense raak siek en sterf weens lugbesoedeling wat deur fabrieke en motorvoertuie veroorsaak word.





Ons kan klimaatsverandering stop.



Deur ligte af te skakel kan ons energie spaar en help dat minder koolstofdioksied in die atmosfeer vrygelaat word.



Deur eerder te stap, fiets te ry of busse en treine te vat kan ons help om minder besoedeling te veroorsaak as wanneer ons met motorvoertuie of vliegtuie reis.



Deur minder te eet kan ons help dat minder metaangas in die atmosfeer vrygestel word.



Al hierdie maatreëls is egter nie genoeg nie.  
Die verbranding van fossielbrandstowwe is  
die grootste bron van kweekhuisgasse.



Ons moet dringend na skoon bronne  
van energie soos die wind en die  
son oorsakel aangesien dié twee  
energiebronne volop in Suid-Afrika is.



Mense gebruik windkrag al vir 'n lang tyd. Die vroegste gebruik van windkrag was waarskynlik toe mense seilbote gebruik het om op damme en oor die see te vaar.



Die eerste windmeule is ongeveer 2000 jaar gelede gebruik om water te pomp en meel fyn te maal.




In die laat negentiende eeu het wetenskaplikes, insluitend die Deense meteoroloog, Poul la Cour, die eerste turbines gemaak om elektrisiteit mee op te wek.

Teen 1918 was daar reeds meer as 120 windturbines wat elektrisiteit in Denemarke opgewek het. Dit was egter nie voor 1978 wat ingenieurs in Denemarke die wêreld se eerste windturbine met drie lemme bekend gestel het nie. Hierdie ontwerp was die inspirasie vir die moderne windturbines wat vandag gebruik word. Suid-Afrika se eerste windturbines het in 2014 begin om skoon windenergie op te wek.





## So, hoe werk 'n windturbine?



Die eerste windturbines was skaars  
groter as die soort wat in die  
negentiende eeu gebruik is.

Vandag se windturbines is groter,  
beter, stadiger en sterker en kan  
op land of in die see werk.

Die energie wat deur een rotasie van  
die wêreld se kragtigste windturbines  
opgewek word kan jou huis vir 'n hele  
dag van krag voorsien.

Teen 2025 sal talle windturbines  
hoër as die Eiffeltoring in  
Parys troon (en elk meer as  
100 olifante weeg!).





Meer as 1,500 windturbines help reeds om Suid-Afrika van krag te voorsien. Van Kaapstad tot by die grense van Namibië en regoor die Karoo word wind gebruik om skoon energie op te wek. Met sonpanele, elektriese motorvoertuie en veranderinge in ons gedrag om energie te spaar en minder besoedeling te veroorsaak, help windenergie ook om 'n skoner, gesonder toekoms vir ons almal te skep.





Ondersteun deur:

**Wind**<sup>•</sup>  
**EUROPE**

[windeurope.org](http://windeurope.org)





[www.letthewindblow.org](http://www.letthewindblow.org)

Vertaal deur:  
South African  
Wind Energy Association



**SAWEA**  
South African Wind Energy Association